

### 9 Derde alternatief

#### 9.1 Terugblik

Dit het duidelik geword dat Amerika ten opsigte van die revolusionêre veranderinge wat feitlik op elke gebied aan die gang is, op 'n kruis=pad gekom het. Aan die een kant word daar steeds 'n magtige po=ging aangewend om die status quo te behou. Aan die ander kant is daar die moontlikheid dat die alternatief van die revolusionêre magte slaag en dat Amerika op daardie pad voortbeweeg. Beide hierdie paaie loop uit in 'n „cul de sac“.

Indien die status quo behou word, beteken dit nie dat daar geen ver=andering sal plaasvind nie. Intendeel: die veranderinge sal steeds in dieselfde rigting loop waarin dit in die afgelope dekades beweeg het. Die „American way of life“, wat meermale getipeer is as „the democratic way of death“, sal dan voortgaan om met behulp van die rasionalisme, pragmatisme, sciëntisme en tegnisme die korporatiewe liberalisme te bestendig. Al die funeste uitwasse van die Humanisme sal dan net op omvangryker skaal en met groter krag op elke gebied van die Amerikaanse samelewing tot uiting kom. Charles A. Reich gee in sy boek „The greening of America“ 'n neutedopopsomming van hierdie uitwasse soos dit tans in die Ameri=kaanse samelewing gevind word en soos dit moontlik in verskerpte mate sal ontwikkel indien daar geen verandering kom nie.

Op die sosiale vlak hou dit wanorde, korrupsie en skynheiligheid in. Op ekonomiese gebied bring dit armoede tot stand te midde van die grootste oorfloed. Aan die een kant is daar steeds 'n oorproduksie van sommige goedere, dienste en aktiwiteite terwyl daar aan die ander kant 'n tekort is aan andere.

Op tegnologiese gebied beteken dit 'n steeds groter tegnologies-beheerde samelewing, 'n steeds groter verafgoding van die tegniek, wat tegno= krasie beteken en dehumanisering meebring.<sup>1)</sup> George Orwell be= skryf in sy boek met die naam „1984” so 'n tegnologies-beheerde sa= melewing waar robotagtige figure vir vier-en-twintig uur deur die televisiedoek beheer word en bewe by elke gedagtemisdaad teen die bestaande orde („Establishment”).

Op staatkundige gebied hou dit 'n steeds verdere aftakeling van die teorie en praktyk van die ware demokrasie in, as gevolg waarvan die nasie 'n steeds groter prooi word van 'n bestuurshiërargie met 'n klein elite van burokratiese heersers en 'n groot massa van ont= burgerliktes. Die suiwer demokratiese handelwyse van die regering word dan op steeds groter skaal vervang deur die toenemende mag van reusagtige korporasies waar beslissinge geneem word deur

- 1) Cf. Birtwistle, Graham M. The roots of cultural revolution. International Reformed Bulletin, Nos. 44 and 45, 14th year, 1971, p. 25: „The western world was now faced by a growing body of scientific and technical knowledge, increasingly motivated by reason and experiment, which was moving swiftly through tech= nology toward technocracy.” Hierdie beskrywing wat Birtwistle van die begin van die negentiende eeu gee, het 'n proses ingelui wat in die huidige Amerika sy voltooiing bereik.

spesialiste en professionele eksperte op elke gebied sonder inagneming van die behoeftes van die onderdane. Korporatiewe liberalisme se uiterste konsekwensie is onmenslike diktatorskap.

Op kulturele vlak kom die betekenisloosheid, doelloosheid en leegheid sterker na vore. Die kultuur word gereduseer tot 'n kommersiële produk, as gevolg waarvan alle kulturele waardes te koop aangebied en met winste verhandel word. Lewensaktiwiteite wat eintlik ver= diepend en veredelend moes werk, verander tot kunsmatige, tweede= handse handeling en valse vervulling van denkbeeldige behoeftes.<sup>2)</sup>

Dit is vanselfsprekend dat ons hier met 'n doodloopstraat te doen het. Op die weg van groter wetenskaplike en tegniese kennis, van toene= mende beheersing van die natuur en gerasionaliseerde kontrole van die wêreld op elke gebied, het die mens slaaf geword van sy skeppinge. Verabsoluteerde tegnologie kan niks anders as tegnokratiese teweeg= bring nie. Hierdeur verloor die verontmenslikte mens sy vreugde en sy humor, sy geloof en sy hoop. In hierdie proses het hy die hele wêreld gewen maar aan sy siel skade gely. By alles wat die Humanisme op die pad van tegnologiese ontwikkeling bereik het, het dit die innerlike krag verloor om die geestelike leierskap van die Westerse kultuur en van die wêreld te behou.<sup>3)</sup>

2) Cf. Reich, Charles A. The greening of America. Random House, New York, 1971, pp.4 - 7.

3) Dengerink, Jan H. The spirit of revolution in Western society: a challenge to the Christian church. International Reformed Bulletin, Nos. 44 and 45, 14th year, 1971, p.21.

Die alternatief op bogenoemde ontwikkeling van die Humanisme vind ons in die idee en die praktyk van die revolusie. Dit ook is 'n doodloopstraat. Ook op hierdie pad is daar vir Amerika geen heil te wagte nie. Meermale is opgemerk dat dit die ander pool is van die antinomie van natuur en vryheid. Dis 'n oorbeklemtone, 'n verabsoluttering van die vryheidsideaal. Die oogmerk van die revolusie is vryheid, maar vanweë die feit dat vryheid hier losgemaak is van sy onontbeerlike, konstituerende elemente van verantwoordelikheid, gesagserkenning, gebondenheid en onderworpenheid aan vasgestelde norme, het dit onvermydelik uitgeloop op wetteloosheid en anargie. Dit is waar dat die gees van revolusie 'n afwerping is van die outonomie van die tegnologie en 'n repudiëring van die tirannie van die tegnokratie. Maar in plaas daarvan om met die regte substituit vir die status quo te kom, swaai die pendulum deur na die ander uiterste: dit word 'n vryheidsjag sonder perke. Dit word 'n regverdiging van alle moontlike middele. Dit word 'n revolusie terwille van die revolusie, en dit bied geen uitsig daarna nie. Trouens, dit loop eventueel uit op anargie en nihilisme. Hierdie alternatief wat ook sy noodwendige konsekwensies op elke vlak van die lewe meebring, is eweneens 'n „cul de sac“.

Ons het dus hier te doen met die Amerikaanse dilemma wat terselfdertyd die dilemma van die Humanisme is. Met die mens in die sentrum en die rede op die troon, beweeg die humanistiese denke alleen maar op horisontale vlak. In beide die uiterstes is daar alleen maar sprake van die horisontale dimensie, en dit is per slot van rekening die diepste tragedie van Amerika en van die konsekwente Humanisme. Die mens het sy God verloor. Hy het vervreemd

geraak van en sy rug gedraai op die Bron van sy krag en die Verwagting van sy toekoms. Die vertikale dimensie het verdwyn.

Hierdie bevinding word deur Alan en Elaine Starkey in die volgende woorde kernagtig bevestig: „What the New Left really seems to be saying is that humanism has failed: man cannot get together and solve problems, discussion has failed, education has failed; greed, alienation, exploitation are the hallmarks of modern Western, humanist society. What is necessary now is that violence must be the means of changing the status quo. And so violence marks the end of the optimistic hope in man's goodness and autonomous reason. The New Left sees the sickness of modern society, and they hate it and the humanism which has bred it. Yet tragically they cannot get a foothold outside it, for they cannot see themselves as creatures before God.”<sup>4)</sup>

## 9.2 Die vertikale dimensie

Dit is alleen as die vertikale dimensie in aanmerking geneem word dat daar van 'n derde alternatief sprake kan wees. Die horings van die dilemma van die Humanisme kan nie ontkom word as die horison-tale vlak nie deurbreek word nie. Dit is gedoen deur die kruis van

4) Starkey, Alan and Elaine. Left-right, left-right, left-left. Meeting the dilemma of the modern student. International Reformed Bulletin, No. 43, 13th year, Fall, 1970, p.12.

Jesus Christus. Dit is gedoen deur die genadeverbond van God met die mens. Dit is gedoen deur die koms van die Middelaar en deur die deurbraak van sy Koninkryk in hierdie wêreld. Hierdie vertikale dimensie kan alleen raakgesien word by die lig van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees. Dit verg 'n ander religieuse grondmotief as wat die Humanisme huldig. Die religieuse grondmotief is hier die Skriftuurlike leer van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus.

In 'n tyd van vinnige verandering soos wat ons tans beleef en in 'n land soos Amerika waar elke moontlikheid wat die Humanisme toelaat het op 'n dooie punt afgestuur het, kom daar noodwendigerwys vir die ware Christendom 'n nuwe uitdaging. Hierdie uitdaging lê in die eerste plek daarin dat alle ware gelowiges in Christus, sowel in hulle individuele hoedanigheid as in die gemeenskap van die heiliges, geroepe is om die situasie van die dag ernstig te neem.

Daar word soms deur Christene die ontsaglike flater begaan om by die krisis van die oomblik verby te leef sonder om dit raak te sien en sonder om daarop te reageer. Baie keer is dit 'n geval dat die storm se geraas nie gehoor word nie of die gedruis van die aanstormende krisis opsetlik vermy word. Dikwels is die Christene ook so gewoon aan die bestaande en die revolusionêre dat hy hom aan beide nie steur nie en dat hy gelate toesien en sonder die minste aan-doening alles maar laat begaan. Daaraan mag die Christen hom nie skuldig maak nie, want as hy dit sou doen, dan is hy die naam van Christen nie waardig nie. Die groot en nuwe uitdaging vir die Christendom in die huidige situasie is om, sowel ten opsigte van die

bestaande orde as ten opsigte van die kontrakultuur, 'n skerp kritiese maar Christelike getuienis te laat hoor. Met nóg die een nóg die ander kant mag die Christen kompromieë sluit. 'n Houding of optrede van konformisme na die een of die ander kant is 'n verloëning van Christus self.

Hier lê geen geringe gevaar vir die Christen in die hedendaagse Amerikaanse dilemma nie. Daar is sommige Christene wat so beïndruk is en steeds beïndruk word deur die strydpunte van die radikale en hulle kritiek teen die bestaande orde van sake dat hulle gevaar loop om hulle met die radikale te identifiseer. Die Christene se onvergenoegdheid met die bestaande orde van sake, sowel in die samelewing as aan die neutrale, gesekulariseerde universiteite, korreleer immers tot 'n groot mate met dié van die radikale. As gevolg van hierdie feit loop die Christen noodwendig die gevaar dat hy homself in mindere of meerdere mate met die revolusionêres kan vereenselwig of dat ander hom met hulle vereenselwig. Hierteen moet gewaak word. Omdat die grondmotief sowel as die gees van die revolusie teen die boodskap van die evangelie indruis, mag die Christen hom geensins daarmee vereenselwig nie. Die revolusionêre en die Christelike denke en doel verskil wesentlik. Die twee is nie met mekaar te versoen nie.

Al is dit dus waar dat sowel die Christen as die revolusionêr teen die outonomie van die tegnologie en die tirannie van die tegnokrasie in opstand kom, m.a.w. teen die korporatiewe liberalisme, is dit nog geensins vanselfsprekend dat hulle vanuit dieselfde kraal moet optree nie. Daar is in die Amerikaanse samelewing sommige

Christene wat wel hierdie fout begaan. Daar word in dié kringe dan alleen 'n Christelike stempel op die revolusionêre idees en aktiwiteite geplaas. Dit is niks minder as selfbedrog nie. Die revolusionêre model leen hom nie vir 'n Christelike cachet nie. Die belangrikste rede hiervoor is dat dit in sy wese ateïsties is en daarom ook a-Christelik. Die revolusiegees impliseer die standpunt van: „geen heer en geen meester oor ons nie”, en ten diepste is dit niks anders as 'n opstand teen God nie.<sup>5)</sup>

Die Christen moet dus tot 'n geheel nuwe benadering van die hele situasie kom, 'n nuwe beklemtoning van waardes, 'n nuwe begeerte na 'n verandering, 'n nuwe proklamasie van die vertikale dimensie in die kultuursituasie van ons tyd. „But if the origins of the revolutionary spirit is a rejection of the authority of God and its grossly unappealing results in contemporary political and cultural life should lead the Christian community to a vigorous rejection of this spirit, an examination of the Christian alternative provides us with even more compelling reasons why we should disentangle ourselves from a culture that has been marred by this degeneracy, and formulate a uniquely Christian theory of change. For there can be no question that Christians must desire change as desperately as revolutionists do. Yet the change that Christians seek and long for as they hunger and thirst after righteousness should not mistakenly be called by a

5) Nederhood, Joel H. The new life in Christ. International Reformed Bulletin, Nos. 44 and 45, 14th Year, 1971, p.75; Cf. Dengerink, op. cit., p.24.

kind of Christian revolution. The term revolution is not really useable for Christians. It is too contaminated."<sup>6)</sup>

In dié verband kan verwys word na twee bewegings. Die een het gestoel op die bodem van die politiek-georiënteerde studenteaktiwisme en die ander op die bodem van die kultureel-georiënteerde Hippië-beweging. Eersgenoemde word genoem „The People's Christian Coalition” en laasgenoemde is die veelal bekende „Jesus-revolusie”. Beide hierdie bewegings besit 'n diep ingewortelde revolusionêre inslag en is daarom vir die reformatoriese Christendom nie aanvaarbaar nie.

Wanneer die Christen gaan navorsing doen in die bronne tot sy beskikking: die Skrif en die geskiedenis, dan kom hy nêrens af op die begrip revolusie nie. Hy vind selfs nie die idee van kontrarevolusie nie, maar word gekonfronteer met die evangelie wat ten opsigte van verandering, die omsetting van die lewe verkondig: bekering, regverdiging, heiliging en vernuwing. En in die geskiedenis word hy met begrippe en dade van reformasie en van anti-revolusie gekonfronteer. Hierdie begrippepatroon gee aan die Christen in die huidige omstandighede die volledige antwoord ten opsigte van die bepaling van sy eie optrede en sy beoordeling van die situasie van sy tyd. As hy die evangeliese boodskap ernstig neem, dan kom vir hom daaruit te voorskyn die duidelike kontoere van 'n nuwe lewe in Christus waarin individu en gemeenskap tot hul reg kom en hulle gebalanseerde plek in die voortgang van die Koninkryk van God inneem.

6) Nederhood, loc. cit.

Die proklamasie van die vertikale dimensie deur die Christen in die kultuursituasie van ons tyd moet veral ook in sy wetenskapsbeoefening en ten aansien van die universiteit geskied. Dit is immers op dié gebied waar die Humanisme die konvensionele Christendom as't ware ingehaal het. As mens die oorsprong van baie Amerikaanse universiteite nagaan, dan blyk dit oorspronklik van Christelike, selfs reformatoriese inslag te wees. Dit was die geval met Harvard, Princeton en Yale, net soos trouens ook met Leiden in Nederland en Genève in Switserland. Hierdie universiteite is deur die uitgesproke humanistiese instelling egter reeds geheel-en-al gesekulariseer.<sup>7)</sup>

Mens kan trouens teruggaan in die geskiedenis van die universiteitswese om net maar vas te stel dat die universiteite van die staanspoor af Christelike instellinge was.

### 9.3 Die Christelike universiteit en Christelike wetenskapsbeoefening

Die eerste universiteit wat vanaf die twaalfde tot die vyftiende eeu gestig is, is uit die Christelike kerk gebore en moet dus volgens J. Chris Coetzee as Christelik in die engere sin van die woord gekwalifiseer word. Deur die oorheersende invloed van die Katolieke Kerk het die universiteite deur en deur Christelik gebly tot aan die Reformasie en die Reformasie self het hieraan geen verandering gebring nie, maar dit eerder versterk. Coetzee is van oortuiging dat

7) Dengerink, J.D. De noodzaak van Christelijke universiteiten. Hamilton, Canada, A.R.S.S., 1965, pp. 9, 10.

die opkomende Renaissance-Humanisme van die 15de en 16de eeu ook nie wesenlik invloed uitgeoefen het op die Christelike onderwys van die universiteit nie en dat die Christelike karakter daarvan tot in die 17de eeu gehandhaaf gebly het. Dit was eers in die 18de eeu wat die ontkersteningsproses begin het.<sup>8)</sup>

Wat ons in ons tyd op godsdienstige gebied beleef, is die onvermydelike eindresultaat van 'n ondermyningsproses wat dus enkele eeue gelede reeds begin het, wat vervolgens deur 'n steeds omvangryker akkumulاسie van oorsake van die mees verskillende aard geleidelik aan krag en invloed toegeneem het, en wat ten slotte in ons dae in steeds sneller tempo na sy einde toe beweeg. Dit hang saam met die stelling wat reeds vroeër gemaak is dat die Humanisme die konvensionele Christendom ingehaal het. Maar as daar gesoek moet word na oorsake wat hierdie proses teweeg gebring en selfs verhaas het, is ongetwyfeld die eerste groep van oorsake die tallose feite en faktore wat aan die lig gekom het as gevolg van die opkoms en ontwikkeling van die natuurwetenskappe en daarna van die geesteswetenskappe. Die ingrypende veranderinge wat daar gekom het in die wêreld- en mensbeskouing as gevolg van wetenskaplike ondersoek en veral as gevolg van 'n bepaalde soort wetenskaplike ondersoek, het die eeuou godsdienstige opvattinge en voorstellinge wat die Christendom wortel, in gedrang gebring.<sup>9)</sup> Dit is op hierdie gebied waar die universiteite 'n beslissende rol gespeel het ten opsigte van die ondermyning van die Christendom.

8) Coetzee, op. cit., pp.194, 195.

9) Van de Pol, W.H. Het einde van het conventionele Christendom. J.J. Romen en Zonen, 1968, pp.75, 76. Besonder insiggewend is die pasverskene werk van Hooykass; R. Religion and the rise of modern science. Edinburgh, Scottish Academic Press, 1971.

As die universiteit en die wetenskap as sodanig kinders was van die Christendom en as daar vir eeue lank 'n intieme band tussen tradisionele Christendom en wetenskapsbeoefening bestaan het, dan is dit vandag geensins meer die geval nie. Die Christelike apriorië geld lankal nie meer vir die wetenskapsbeoefening aan die meeste universiteite in die wêreld nie. Waar die wetenskap vroeër kerklik en later Christelik beoefen is met erkenning van die transendente, het dit meer en meer 'n immanente karakter verkry en meer en meer sekularisties en profaan geword. Die lewens- en wêreldbeskouing en uitgangspunte van die tradisionele Christendom is vervang deur 'n scientistiese opvatting van die werklikheid. Geloof en wetenskap is meer en meer geskei totdat wetenskap beoefen is asof God glad nie bestaan nie. In die gees van Haeckel: „Geloof begin waar wetenskap nie meer verder kan nie" het die wetenskap hom onafhanklik van die geloof en van die Skrif trag te ontwikkel. Heidegger stel dit nog skerper as hy beweer dat net so onmoontlik soos wat hout en yster kan meng, net so onmoontlik is daar sprake van Christelike wetenskap of Christelike opvoeding.

Die eerste groot botsing tussen die tradisionele opvattinge van die Christendom en die wetenskap het ongetwyfeld gekom met die geskrifte van Copernicus aan die begin van die sestiende eeu toe hy in plek van die gangbare geosentriese wêreldbeeld die heliosentriese wêreldbeeld geleer het. In Lutherse kringe het die opvattinge van Copernicus 'n opskudding veroorsaak. Hy het byvoorbeeld 'n verontwaardigde brief van Luther self ontvang met 'n teregwyding aan die hand van Josua 10:12: „Son, staan stil in Gibeon en maan, in die dal van Ajalon". Copernicus is ook die gebruik van die Heilige Nagmaal

ontsê. In dieselfde tyd het ook aan die lig gekom die geskrifte van die Rooms-Katolieke Galileo (1564-1642) wat uiteindelik uitgeloop het op die konflik tussen die Roomse Inkwisisie en Galileo. Dit is vanselfsprekend dat die aanvaarding van die heliosentriese wêreldbeeld die gesag van die konvensionele Christendom 'n skok toegedien het.

Ook ten opsigte van die metode van wetenskapsbeoefening het daar met die loop van die tyd 'n verandering gekom en het die teëstelling tussen die wetenskapsbeoefening en geloof meer akuut geword. Die eksperiment en die proefneming het die kenbron geword, die matematiëse deduksie, die metode om resultaat te bereik. Nie alleen in die natuurwetenskap nie, maar ook in ander wetenskappe is meer en meer die empiriese en fenomenologiese metodes toegepas as gevolg waarvan die Woord van God met sy openbaringsuitgangspunte die rug toegekeer is.

In die opkoms van die evolusionisme, soos geïnisiëer deur die evolusieleer van Charles Darwin (1809-1882) het daar nog 'n verdere breuk gekom tussen die konvensionele Christendom en wetenskapsbeoefening. Darwin met sy evolusiehipotese het spoedig bondgenote gekry in die wetenskappe van geologie en paleontologie en dit het selfs tot verskillende geesteswetenskappe deurgedring. Tot op die huidige dag is die stryd om die onderwerp van kreasie en evolusie nog nie uitgestry nie.<sup>10)</sup>

10) Ibid., p.94 - 101. Cf. Zylstra, Bernard. Challenge and Response, Ontario, CLAC, 1960, p.7.

Watter ander ontwikkeling ook al plaasgevind het op die gebied van die wetenskap, dit kan as 'n feit gekonstateer word dat, globaal beskou, die universiteite van die wêreld die rug op die Christendom gedraai het. Christelike universiteite is 'n rariteit. Die gees wat aan die liberale universiteite heers is dié van neutralisme en faktualisme. Lojaliteite teenoor die feite, 'n ondersoek na die feite, 'n getrou bly aan die feite - dit skyn die voorvereiste te wees om wetenskaplik te werk te gaan.<sup>11)</sup> In al hierdie hantering van die feite word dan uitgegaan van die sogenaamde neutraliteitspostulaat. By die wetenskaplike mag daar geen vooringenomenheid wees nie, daar mag van geen voorwetenskaplike apriorië gebruik gemaak word nie. Metafisiese uitgangspunte of veronderstellinge word beskou as spekulatief en in stryd met die empiriese en fenomenologiese metodes en resultate. Uit al hierdie dinge blyk dat die kind, nl. die universiteit, besig is om die moeder in die rug te steek. Meer nog, dit skyn asof die verskillende wetenskappe grafgrawers geword het, grafgrawers nie maar net van die konvensionele Christendom nie maar ook van die Christelike geloof.<sup>12)</sup>

As daar dus reformasie moet kom, en dit val nie te betwyfel nie, dan mag dit nie maar net vanuit die kerk begin nie. Die uitdaging is

- 11) Schrotenboer, Paul G. The Christian student in the modern university. International Reformed Bulletin, No. 23, 8th Year, Oct. 1965, p.15.
- 12) Cf. Duvenage, S. C. W. Christendom - demokrasie-universiteit, uitgaande van die kernwoord Christendom. Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap, nr. 34, Okt. 1962, pp.21 - 24.

reeds om die reformatoriese teenoffensief te maak op dié terreine waar die humanistiese gees sy grootste oorwinnings geboekstaaf het, nl. die universiteit en die wetenskap. Ook Calvyn en Kuyper het hul reformatoriese werk onder andere in universiteite tot fisiese vergestalting gebring.

Hatfield oortuig mens van die noodsaaklikheid van Christelike universiteite as hy redeneer: „How can the university teach students if it neglects the very area of learning - the area of values that is so obviously lacking in the rest of society? If the educational institution cannot elevate its students - cannot focus upon other than the material values - then that institution itself is falling just as much as the government and society in general. This is not in loco parentis; this is part of the learning process, part of the educational experience. Where there is a rejection, as there is today, of such moral and transcendent values, then these same attitudes of materialism are translated into the educational institutions and they then suffer the same plight and are no better off than our governmental institutions. We must begin with self-regeneration, a self-renewal, as the greatest counteraction to student unrest, rather than repressive action, which is only counterforce reacting to force without really addressing the essential problem.”<sup>13)</sup>

Dit is duidelik dat op hierdie gebied daar 'n ontsaglike uitdaging

13) Hatfield, Mark O. Public pressures on higher education. (In Smith, op. cit., p. 83.)

bestaan vir alle Christene en ook Christelike gemeenskappe in Amerika vir wie dit erns is met die toekoms van die wetenskap. Sonder Christelike universiteite as konsentrasiepunte vir Christelik-wetenskaplike ondersoek en onderwys sal die Christene geen wesentlike invloed en geestelike mag in Bybels-reformatoriese sin op wetenskaplike gebied kan uitoefen nie. Hulle sal dus geen werklike eie bydrae tot die ontwikkeling van die wetenskap kan lewer nie.<sup>14)</sup>

Van Wyk stel die relevansie van Christelike wetenskapsbeoefening besonder duidelik en skerp as hy verklaar: „Die Christelike siening van die wetenskap en die wetenskapsbeoefening is nie 'n anakronisme nie, maar het weer dwingende noodwendigheid geword. Word dit verwerp, sou in die plek daarvan ander lewensbeskoulike alternatiewe kom (want sonder lewensbeskouing kan die mens nie bestaan nie), van die massiewe kommunistiese ideologie tot by die mite van neutrale, vooronderstellinglose wetenskap in sy honderd, en nog meer onbevredigende skakeringe. Daar is geen teenstelling tussen wetenskap en geloof nie, behalwe waar die een of die ander op dwaalweë beland het, want dit is die geloof wat verbreding en verdieping aan die werklikheidsbegrip en -ondersoek gee, en juis wanneer die wetenskap stuit op die grense wat aan die menslike kennis gestel is.

„'n Verband tussen Christendom en universiteit is dus nie alleen sinvol nie, maar in die huidige tydsgewrig hoogs relevant. Die Christendom

14) Dengerink, op. cit., p. 8.

vul 'n lewensbeskouing wat nie op dienstigheid of toevallige insigte ge= grond is nie, maar op 'n heils- en waarheidsopenbaring wat soeker en soeke deurdrenk. Van 'n teenstelling tussen die deur die verstand verkreë waarheid en die absolute waarheid van die geopenbaarde en sig openbarende God kan slegs sprake wees indien die wetenskaplike 'n skeiding sou probeer maak."<sup>15)</sup>

Dit is presies genoemde skeiding wat die Humanisme steeds probeer bewerkstellig het. Die funeste gevolge daarvan het egter skokkend aan die lig getree, mede met die hulp van die maatskappykritiek van die „New Left“.

Van alle kante, trouens, word die leegheid en die mislukking van die humanistiese denke en doen op wetenskaplike gebied erken en onder= streep. Christene kan nie anders nie as om dit eens te wees dat die humanistiese gees wat in die mens sy eie meester sien en pro= pageer, meegewerk het aan die krisis wat ontstaan het. Om hier= aan 'n totale verandering aan te bring is onmoontlik indien daar van= uit die bestaande neutrale, liberale en gesekulariseerde universiteite geopereer word. Die groot uitdaging in hierdie tyd aan Christene in die algemeen en aan Christelike gemeenskappe en Christelike kerke in Amerika in besonder is om, ondanks die gees van die tyd en teen die gety van sekularisme in, eie volwaardige Christelike universiteite te inisieer en uit te bou.

15) Van Wyk, op. cit., p.53.

'n Uiters aktuele vraag is of die Christelike universiteit en Christelike wetenskapsbeoefening werklik die antwoord is op die hele probleem rondom 'n verlooppte universiteit wat die las dra van die humanistiese wetenskapsbeoefening. Sonder om te ontken dat die sondemag ook in die Christelike universiteit en Christelike wetenskapsbeoefening sy vernielingswerk voortsit, bied die Christelike grondslag, struktuur en funksionering tog 'n perspektief waartoe die humanistiese ten ene male inkompetent is.

Prinsipieel gesien, kan die Christelike universiteit in alle opsigte beantwoord aan die wesenstrekke en tipiese normatiewe struktuur wat daarvan verwag word.

Dit kan as samelewingsverband reg laat geskied aan sy interverbandsroeping en, met erkenning van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, sy universiteitsvryheid koninklik beoefen en diensbaar wees na buite.

Dit kan kragtens sy intraverbandsroeping met handhawing van sy legale en rasonale gesag aan die akademiese vryheid van dosente en studente reg laat geskied.

Dit kan in die volle sin van die woord 'n „universitas scientiarum“ wees sowel as 'n „universitas magistrorum et scholarium“ waarin die student as subjek in die onderwyssituasie erken word.

„Die universiteit is bestem om 'n middelpunt van kennis en geleerdheid, van onderwys en opvoeding te wees, maar analise van die aard

